

Kix-pirasie

“Labels”

Jesaja 3: 18-24

Ek hoor eendag 'n 9-jarige meisietjie sê: “As ek groot is, gaan ek ook 'labels' dra.” Vir 'n verwarde oomblik lank het ek gedink “labels” is iets wat jy letterlik aan jou lyf dra. Toe besef ek, nee, dis mos die etikette aan jou klere... al daardie “Made in China”-geskriffies wat so oral opduik. Hierdie dogtertjie het egter ander “labels” in gedagte gehad. Meer soos “Diesel”, “Soviet”, “Roxy” en dies meer.

Dit tref my toe hoe baie klem daar gelê word op “labels” en alles wat daarmee saamgaan. Vanaf die etikette (soos bostaande) op jou klere tot die regte soort selfoon, meubels en les bes, daardie AMC potte wat so doelloos staan en blink op die kombuisrak. Is dit regtig nodig?

'n Bietjie bederf het nog niemand kwaad gedoen nie en daardie tienjaar oue Levi's wat jy soos goud op-pas, verdien jy. Ook daardie leerbaadjie wat jy soos 'n baba koester.

Die probleem dan?

Die probleem begin wanneer jy en ek dink “labels” maak ons spesiaal. Dit begin wanneer dogtertjies se grootste eendag-droom bestaan uit “labels” dra. Dit begin wanneer ons dink daardie “labels” maak ons beter as die buurvrou, buurman of buurkind. Dit begin wanneer die res van my huishouding in die slag bly omdat ek die nuutste “labels” moet hê.

In Jesaja 3: 18-24 praat Jesaja hard met die Israeliete, veral die vroue. Hy praat van ooringetjies, enkelbandjies, kettinkies ens. Die vroue in die Bybelse tyd het ook geweet van “labels” en het seker gemaak hul families steek nie af nie. Hulle het so baie gedink van hul “labels” dat hulle geglo het dit maak hul verhewe bo God se straf. Natuurlik het dit nie; ons weet almal wat gebeur het.

Die “label” waarna enigeen vandag behoort te streef, is so 'n bloedrooi enetjie waarop geskryf staan: “Jesus s'n”. Maklik is dit nie, want ondervinding het my geleer dat as jy Jesus se “label” dra, jy soms ánder “labels” ontbeer. Terselfdertyd het ek geleer dat jy meestal nie ánder “labels” nodig het nie. Beslis nie blink potte wat stof vergaar en boonop kosbare plek opneem nie!



As 'n mens na 'n bol wol kyk, sien jy baie inligting op die “label”. Alles lyk netjies en agtermekaar, maar sodra jy die binneste punt van die wol begin soek, kom daar 'n groot “koekerasie” uit. Ons kan ook baie mooi van buite lyk, maar as daar aan ons binneste getorring word... wie weet wat kom dan daaruit.

As 'n mens worstel met jou identiteit, voel jy onseker van jouself. As Christen lê jou identiteit in Christus. Dis ook belangrik om te

weet wie jy is tussen mense. Wysheid is om te weet dat die “label” van Christus jou aangenaam maak voor mense. Mense sien die “label” van Christus raak en kom torring aan jou om te sien hoe eg jy is.



Sluit jou oë en vra die Heilige Gees om aan jou uit te wys of daar

“labels” in jou lewe is... dinge waaraan jy nog vashou om waardevol te kan voel. Bevestig weer jou identiteit: “Ek is die eiendom van Christus en ek wil Hom verteenwoordig tussen mense.”

Sluit af met gebed:

“Here, ons wil graag almal waardevol wees. Vergewe ons dat ons soms ons waarde in dinge soek. Om Christus te ken, oortref alles in waarde. Amen.”